# Kennisgewing oor Privaatheid aan Alumni en Vriende – Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge

Ons alumni en die vriende van die US is vir ons uiters belangrik. Ons wil graag met jou in verbinding bly en jou persoonlike data volgens jou voorkeure berg. Hierdie kennisgewing oor privaatheid verduidelik hoe ons ons alumni en vriende se persoonlike data, wat deur Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge (OAB) ingesamel word, aanwend. Dit dien ter aanvulling van die blad "Bepalings en Voorwaardes" –https://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/terms.aspx?

Dis belangrik dat die persoonlike inligting wat ons oor jou het, so op-datum en akkurate moontlik is. Hou asseblief jou persoonlike inligting deur die loop van jou verbintenis met ons bygewerk.

**Hoe hou hierdie kennisgewing oor privaatheid verband met ander kennisgewings oor privaatheid?**

As jy aan die US gestudeer het, word die data wat die Universiteit tydens jou studentejare ingesamel het, uit jou studenterekord na die OAB se databasis oorgeplaas nadat jy gegradueer het. Die doel hieragter is om jou op hoogte te hou van gebeure, netwerk- en vrywilligersgeleenthede, en enige ander aktiwiteite wat deur jou alma mater gereël word.

As jy die US ondersteun (finansieel of in natura), of vrywilligerswerk by die US verrig het, sal ons die persoonlike data wat jy tydens die betrokke interaksie voorsien het, berg. Dit is om jou op hoogte te hou van die invloed van jou steun en om jou ook verdere geleenthede te bied om by die Universiteit betrokke te wees.

As jy finansiële steun ontvang het uit filantropiese inkomste wat deur die OAB bekom is, sal ons persoonlike data insamel ten einde aan die skenker en die instelling verslag te doen.

**Watter persoonlike data sal verwerk word?**

As jy aan die Universiteit gestudeer het, verwerk ons die biografiese, opvoedkundige en kontakbesonderhede wat die Universiteit tydens jou studentejare ingesamel het. As jy in ’n universiteitskoshuis, of deel van ’n privaat studente-organisasie (PSO) was, sal ons ook jou besonderhede, soos hierbo beskryf, insamel.

As jy die Universiteit as ’n skenker of vriend ondersteun het, verwerk ons jou persoonlike kontakbesonderhede, jou affiliasie en jou kommunikasievoorkeure.

Ons kan ook persoonlike inligting uit openbare bronne insamel en berg (hetsy direk, of deur internetsoekfunksies). Hierdie openbare bronne kan LinkedIn, Twitter, Graduway en ander sakeverwante bronne, soos maatskappye se webtuistes, insluit.

**Voorbeelde van die kategorieë persoonlike data wat ons kan berg:**

- Biografiese/kontakbesonderhede – byvoorbeeld, naam, pos-/e-posadres en telefoonnommer, geboortedatum, nasionaliteit, huwelikstaat en studentenommer;
- Opvoedkundige besonderhede – byvoorbeeld, die kursusse wat jy bygewoon en voltooi het,

die studiedatums, die koshuise waarin jy gebly het, die klubs en verenigings waaraan jy verbonde was, en of jy enige finansiële bystand (beurse) tydens jou studie ontvang het;

- Professionele besonderhede – byvoorbeeld, werkgewer, beroep en werksadres;
- Enige voorkeur vir ʼn spesifieke doel deur jou aangedui, soos toegangsvereistes of ander aanpassings en dieetvoorkeure vir geleentheidsbestuurdoeleindes, en jou kommunikasievoorkeure;
- Filantropiese besonderhede – byvoorbeeld, jou skenkingsgeskiedenis (tyd en geld) wat die US betref, jou filantropiese belangstellings en jou algemeen bekende filantropie;
- Betrokkenheidsbesonderhede – byvoorbeeld, jou lidmaatskap van klubs, verenigings en alumni-groepe, jou bywoning van geleenthede van die US, jou verhoudings met ander alumni, vriende van die US en jou algemeen bekende verhoudings met belanghebbendes wat nie aan die Universiteit verbonde is nie;
- Foto's – ook dié wat deur ons geneem is (byvoorbeeld, by ʼn geleentheid of meegaande tot ʼn gepubliseerde onderhoud en sportklubfoto's) en dié wat kopieregvry is.

**Wat is die doel van die verwerking?**

Die meeste van die persoonlike data wat ons berg, is inligting wat jy aan die Universiteit verstrek het, of inligting wat gemeengoed is. Ons verwerk data slegs vir spesifieke doeleindes en indien dit ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) geregverdig is.

In breë trekke verwerk ons jou persoonlike data om jou ervaring van en betrokkenheid by die Universiteit as ʼn ondersteuner en/of lid van ons alumni-gemeenskap, te verbeter.

Ons verwerk ook persoonlike data vir die volgende doeleindes:

- Om filantropiese steun te werf vir die Universiteit se strategiese projekte. Meer bepaald kan hierdie aktiwiteite die volgende insluit:
  - Stuur publikasies (soos Matieland, Phambili; nuus oor gebeure op kampus; e-posnuusbriewe oor die Universiteit en sy fondsinsamelingsprojekte) uit op ʼn wyse wat vir jou pasgemaak en relevant is;
  - Help jou om in voeling met ander alumni en/of universiteitsondersteuners en skenkers te bly, deur jou na alumni-reünies en universiteitsgeleenthede uit te nooi;
  - Stuur inligting uit oor optredes en sportgeleenthede waarby US-groepe betrokke is en waarvoor jy kaartjies by ʼn eksterne geleentheidsorganiseerder (soos Computicket, Webtickets of Quicket) kan koop;
  - Lig jou in oor die voordele wat ná graduering tot die beskikking van alumni is, soos loopbaanvoorligting en opvoedkundige programme;
  - Vra of jy die US wil steun (byvoorbeeld, deur ʼn skenking te maak, opnames in te vul, as vrywilliger of mentor te dien);
  - Bedank jou vir enige skenking van tyd en geld tot voordeel van die Universiteit;
  - Onderneem ondersoeke soos nodig vir omsigtigheid ingevolge ons Beleid op die Aanvaarding van Geskenke; en
  - Interne rekordhouding en administrasie (byvoorbeeld, die verwerking van ʼn skenking, of die administrasie van ʼn geleentheid wat deur jou bygewoon word).
- Om jou adres te bevestig en verslae op te stel met gebruik van landkaarte, deur jou adres te geo-kodeer om die wêreldwye verspreiding van alumni voor te stel.

- Om foto's en video's, wat met ons aktiwiteite en geleenthede verband hou, te publiseer.
- Om anonieme statistiek vir ranglyste of ligapuntelere waaraan die US meedoen, op te stel.

Ons doen soms welvaartsifting. Dit behels die gebruik van vertroude derde partye wat namens ons algemeen bekende inligting hersien om 'n aanduiding van die finansiële skenkingsvermoë van individue te bekom. Ons gebruik nooit die data wat hieruit spruit as die enigste grondslag vir die uitstuur van kommunikasie nie. Dit is 'n beginpunt vir verdere navorsing oor iemand om uit te vind of hulle daarin belang sou stel om die US te ondersteun, wat enige vorige omgang met die US, hulle filantropiese belangstellings en vorige skenkings insluit. Dit stel ons in staat om slegs diegene te kontak wie se belangstellings, na ons mening, met ons fondsinsamelingsmissie ooreenstem.

**Wat is die regsgrondslag vir verwerking?**

Ons beskou die verwerking van jou persoonlike data vir hierdie doeleindes as nodig:

- Vir die nastrewe van die US se regmatige belang by fondsinsameling en alumni-betrokkenheid, om 'n sterk verhouding met ons alumni en ondersteuners in stand te hou;
- Om die US in staat te stel om sy regspligte na te kom en aan die betrokke wetgewing te voldoen;
- Vir die uitvoer van take wat in die openbare belang onderneem word, of in die uitoefening van ons amptelike gesag, soos met die indiensneembaarheidsgraderings van gegradueerdes;
- Waar dit, in uitsonderlike gevalle, nodig is om jou of iemand anders se noodsaaklike belange te beskerm en jy nie in staat is om jou toestemming te gee nie (in 'n noodgeval).

**Met wie sal jou persoonlike data gedeel word?**

Binne die US word jou data slegs gedeel met daardie partye wat toegang daartoe benodig ten einde ons alumni- en ondersteunersaktiwiteite te lewer. Jou persoonlike data word veilig op die OAB-databasis, wat tot aangewese werknemers beperk is, gehou.

Jou persoonlike data word soos nodig gedeel, op 'n oorwoë en vertroulike grondslag, en slegs met partye wat met ons alumni- en ondersteuneraktiwiteite van nut kan wees. Hierdie partye tree namens ons op en in ooreenstemming met ons instruksies, soos uiteengesit, en word nie toegelaat om jou data vir enige ander doel buiten waarvoor dit aangevra is, te verwerk nie. Daar word van hierdie partye vereis om 'n vertroulikheidsooreenkoms (VO) te onderteken en te bevestig dat die data veilig gehou sal word.

Dit is soms ook nodig dat ons persoonlike data met derde partye deel, soos volg:

- Derde partye wat deur die US aangestel is om dienste met betrekking tot alumni, ondersteuners en fondsinsameling te lewer – ons deel biografiese, opvoedkundige en kontakbesonderhede, professionele besonderhede, besonderhede oor vrywilligerdiens en filantropiese besonderhede;
- Verskaffers van lokale vir geleenthede – name, inligting wat met dieetvereistes en bystandsvereistes verband hou;
- Die Registrateur en die Beurskantoor;
- Soms en soos nodig, interne en eksterne ouditeure.

Ons maak seker dat ons toepaslike datadelings- en/of dataverwerkingsooreenkomste in plek het vóórdat jou persoonlike data met enige ander datakontroleurs gedeel word.

Ons verkoop onder geen omstandighede jou persoonlike data aan derde partye nie en laat ook nie toe dat derde partye die data wat ons met hulle deel, verkoop nie.

**Hoe lank word jou data gehou?**

Ons sal die meeste van jou data onbepaald hou ter ondersteuning van jou lewenslange verhouding met die US.

Hierdie kennisgewing oor privaatheid word soos nodig en minstens jaarliks hersien.

***Opgestel deur Ontwikkelingsdienste (Julie 2019)***

***Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge***